

VAK: AFRIKAANS HT GRAAD: 12 LESPLAN 3 KWARTAAL 4 TYD: Dubbelperiode						
KERNINHOUD: Hersiening: Vraestel 1 - Afdeling A – Verskillende soorte vrae wat kandidate kan verwag ...						
LEERUITKOMS 1: Luister en Praat		LEERUITKOMS 2: Lees en Kyk		LEERUITKOMS 3: Skryf en Aanbied		
Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.		Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.		Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.		
LEERUITKOMS 4: Taal		Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.				
Toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes		Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering		Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks	Identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n wye verskeidenheid tekste	√
Beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot en ekspressief aan te bied		Evalueer die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en audiovisuele tekste		Toon die gebruik van gevorderde skryfstrategieë en –tegnieke vir eerste weergawes	Gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel	√
Toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings		Evalueer hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste		Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan:	Ontwikkel kritiese taalbewustheid	√
Toon kritiese taalbewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies		Verken en evalueer die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word				
ONDERRIGAKTIWITEITE		LEERDERAKTIWITEITE		BRONNE		ASSESSERING
Deel 'n paar eksemplare van Vraestel 1, aan kandidate uit.		Leerders bestudeer Afdeling A van vraestel.		Vraestelle		
Kandidate kan verskillende soorte vrae verwag in begripstoets.		Na die bespreking identifiseer leerders die verskillende soorte vrae wat in die begripstoets kan voorkom, m.a.w. vrae wat bloot inhoud toets, vrae wat verwag dat die kandidaat 'n afleiding maak, insig toets, ens.				
Soorte vrae <ul style="list-style-type: none"> Kontekstuele vrae word gestel oor 'n verskeidenheid tekste. Die moeilikheidsgraad hang af van die vlak van die taal wat geassesseer word: HT, EAT of TAT. Letterlik: <ul style="list-style-type: none"> Vrae oor inligting wat direk in die teks voorkom. 		Onderwyser bespreek die soorte vrae waarmee leerders vorendag kom.				

- Noem die dinge/ mense/ elemente ...
- Stel die feite/redes/punte/idees ...
- Verskaf die redes/persone/oorsake ...
- Lys die punte/feite/name/redes

Herorganiseer:

- Vrae waar analise, sintese of organisasie van inligting wat in die teks voorkom, verlang word.
- Gee 'n opsomming van die hoofgedagtes/voordele/nadele/ ...
- Groepeer die algemene faktore ...
- Dui die ooreenkomste/verskille aan
- Gee 'n verduideliking van ...

Afleiding:

- Vrae vereis dat kandidaat direk betrokke raak by die inligting in die teks in terme van sy/haar eie ervaring.
- Verduidelik die hoofgedagte ...
- Vergelyk die idees/houdings/handeling ...
- Wat is die skrywer se bedoeling met /houding t.o.v. / motivering/rede ...
- Verduidelik die oorsaak/gevolg van ...
- Wat openbaar 'n handeling van die verteller/skrywer/karakter ... ?
- Wat, dink jy, sal die gevolg wees van 'n bepaalde handeling/situasie ...?
- Waar/Vals vrae
- Veelkeuse vrae
- Kies die korrekte antwoord (uit 'n gegewe lys)
- Voltooi deur die ontbrekende woorde in te vul ...
- Vrae oor visuele geletterdheid
- Ens.

Evaluering:

- Hierdie vrae hou verband met 'n waardeoordeel. Dit sluit in 'n oordeel oor feite en opinies, geldigheid, logika en redenasie en sake soos geskiktheid en aanvaarbaarheid van besluite en handeling gemeet aan morele standaarde.
- Dink jy die gebeure is geloofwaardig/realisties/moontlik ...?
- Is die skrywer se argument geldig

<p>/logies/oortuigend ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek/lewer kritiese kommentaar oor die handeling / motief / implikasie ... • Stem jy saam met die siening/ stelling/ waarneming/interpretasie dat ... • Na jou mening, is die skrywer/verteller/karakter geregverdig om te sê/voor te stel dat ... (Motiveer jou antwoord/Verskaf redes vir jou antwoord.) • Bespreek krities/lewer kommentaar op die waardebepling in die teks. • Ens. <p>Waardering:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die doel van hierdie vrae is om die sielkundige en estetiese impak van die teks op die kandidaat te assesser. Dit fokus op die emosionele response op die inhoud, of jy kan identifiseer met karakters of insidente en jou reaksie op die skrywer se taalgebruik (bv. woordkeuse en beeldspraak). • Bespreek jou respons op die teks /insident/situasie/konflik/dilemma ... • Bespreek/lewer kommentaar op die skrywer se taalgebruik ... • Bespreek die effektiwiteit van die skrywer se styl/ inleiding / slot/ beeldspraak/ metafore ... • Ens. 				
		Woordeboeke		
Tuiswerk:				
Verryking/Uitgebreide geleentheid:				
Nabetrugting: Was die les 'n sukses of nie?				